**VISIE:**
Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.

**VISION:**
Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

We are all part of Bergrivier Municipality.
We render good services to ensure dignified living to all.
We are unashamedly pro-poor.
We believe in close innovative partnerships.
We believe in social and economic development of our area.
We care about our work and our colleagues.
We are disciplined.
We believe in good relationships.
We serve with pride.

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 JUNIE 2017 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | - | Munisipale Bestuurder (waarnemend) |
| Mnr. GJ Goliath | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. K Abrahams | - | Stadsbeplanner: Oos |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |
| Mev. RR Fillis | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**BKN025/06/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter versoek 'n minuut van stilte, waarna sy almal by die vergadering verwelkom.

***

**BKN026/06/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester - ander munisipale verpligtinge (MinMay)
Munisipale Bestuurder - ander munisipale verpligtinge (MinMay)
Direkteur Tegniese Dienste - verskoning
Bestuurder: Beplanning en Onwikkeling – siek verlof

***

**BKN027/06/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN028/06/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 13 JUNIE 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 13 Junie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR FILLIS)***

***

**BKN029/06/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

Dat twee items by die agenda gevoeg naamlik;

- Konsepimplementeringsplan en -plasingsbeleid vir die nuwe Organisasiestruktuur
- Konsep Wykskomitee-beleid: Vervoer-eis van wykskomiteelede

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat dit Mev. Fillis se laaste vergadering by Bergrivier Munisipaliteit is en bedank haar vir haar diens en vriendelikheid.
- Dat Raadsheer van Rooy die Raad bedank names die gemeenskap vir die werk gedoen by die skougronde.

***

**BKN030/06/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN031/06/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN032/06/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: TERUGVOER VANAF DELEGASIE OOR WERKSTOER NA HEIST-OP-DEN-BERG GEMEENTE IN BELGIË**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en vra dat die Komitee die skriftelike kommentare op bladsye 25 en 26 lees;

Die afgevaardiges lewer persoonlike kommentaar, soos vervat in die verslag.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN033/06/2017**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: KONSEP-IMPLEMENTERINGSPLAN EN -PLASINGSBELEID VIR DIE NUWE ORGANISASIESTRUKTUUR**
**9/1/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee kortliks agtergrond. Voorts noem hy dat die Raad die Mikrostruktuur reeds op Dinsdag 30 Mei 2017 by die Raadsvergadering goedgekeur het en daarmee ook saam die verskillende katogorieë in die struktuur naamlik; "Major-, Minor-, No- Change and New Posts."

**BESLUIT**

1. Dat die implementeringsproses deur die Direktoraat Korporatiewe Dienste begin word na konsultasie met die Arbeidsforum wat reeds plaasgevind het, asook goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;
2. Dat die konsepplasingsbeleid deur die Uitvoerende Burgemeesters-komitee goedgekeur word;
3. Dat posbeskrywing eers gedoen (verskaffer reeds aangestel 22/06/2017), dan die evaluering en daarna die plasings.Eksterne persone doen die evaluering en word deur SALGA beheer;
4. Dat 'n algemene inligtingsbrief uitgestuur word aan alle personeel insake die agtergrond en proses wat gevolg word; en
5. Dat daar 'n forum/plasingskomitee saamgestel word in terme van die werkgewer- en werknemerskomponent wat die plasings hanteer.

***

**BKN034/06/2017**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER: KONSEP WYKSKOMITEE –BELEID: VERVOER-EIS VAN WYKSKOMITEE-LEDE**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in.

Verskeie kommentaar word gelewer deur Raadslid Wessels, die Munisipale Bestuurder, Direkteur Finansiële Dienste en Bestuurder: Strategiese Dienste.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeur dat die reistarief vir wyskomitee-lede verhoog word van R1,50/km na die SARS tarief per kilometer vir amptelike vergaderings gereël deur Bergrivier Munisipaliteit vir totale kilometers minus 5 kilometer; en

2. Dat die aangepaste SARS-tarief jaarliks op die vorm dienooreenkomstig aangepas word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN035/06/2017**
**GRONDVERSOEK TEN OPSIGTE VAN ERF 4420 PIKETBERG (PIKETBERG KARAVAANPARK) (LÉeR VERW.: PB.4420)**

**BESLUIT**

1. Dat die item onttrek word; en

2. Dat die item oorstaan vir bespreking by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering in Augustus 2017.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (Augustus 2017)***

***

**BKN036/06/2017**
**NUWE LID: PRESTASIE EN OUDITKOMITEE**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**TER INLIGTING AAN DIE RAAD**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;

2. Dat Me. Gani voorgestel word om as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word met ingang vanaf 1 Julie 2017 vir ‘n periode van drie (3) jaar; en

3. Dat Mnr. Allie toepaslik bedank word vir die waardevolle diens wat hy gelewer het aan Bergrivier Munisipaliteit die afgelope ses jaar.

***

**BKN037/06/2017**
**<u>AANSOEK OM DIE VOLGENDE ITEMS IN DIE BATEREGISTER AF TE SKRYF EN PER OPENBARE VEILING TE VERKOOP</u>**
**6/1/1**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**<u>TER INLIGTING AAN DIE RAAD</u>**

Dat die Raad die bates in Aanhangsel "A" sertifiseer as nie meer benodig vir munisipale dienslewering nie en dat dit per veiling verkoop mag word.

***

**BKN038/06/2017**
**<u>GOEDKEURING VERLEEN VANAF PROVINSIALE TESOURIE: VERANDERING VAN FINANSIËLE STELSEL NA VESTA PHOENIX STELSEL</u>**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond.

Hy noem dat Bergrivier Munisipaliteit voldoen aan mSCOA se vereistes en dat dit gereed sal wees vir implementering in Julie 2017.

**<u>TER INLIGTING AAN DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie se goedkeuring dat Bergrivier 'n nuwe finansiële stelsel mag aankoop, volgens Nasionale Tesourie se RT25-2016 tenderproses.

***

**<u>BKN039/06/2017</u>**
**<u>REVIEW OF RISK MANAGEMENT POLICY 2017/18</u>**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item.

**<u>TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

1. That the Executive Mayoral Committee approve the Risk Management policy with the changes as indicated in the table; and

2. That the Risk Management policy be presented to Council for information.

***

**BKN040/06/2017**
**REVIEW OF AUDIT COMMITTEE CHARTER FOR THE 2016/2017 FINANCIAL YEAR**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item.

**TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Audit Committee Charter be approved by the Executive Mayoral Committee and presented to Council for information.

***

**BKN041/06/2017**
**REVIEW OF ANTI- FRAUD AND -CORRUPTION POLICY**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item.

**TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the Executive Mayoral Committee approve the Anti-Fraud and -Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan);
2. That Anti-Fraud and -Corruption Policy (which includes the Fraud Prevention Strategy and the Fraud and Corruption Management Implementation Plan) be presented to Council for information; and
3. That the new Vision and Mission be included in the policy.

***

**BKN042/06/2017**
**RAMPBESTUUR JAARVERSLAG 2016/17**
**9/1/1**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee 'n kort agtergrond.

**TER INLIGTING AAN DIE RAAD**

Dat die Raad van Bergrivier Munisipaliteit kennis neem van die verslag.

***

**BKN043/06/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: APRIL 2017**
**5/1/B,5/1/1**

**EXTRACTION FROM MINUTES OF THE FINANCIAL SERVICES COMMITTEE MEETING HELD ON TUESDAY 13 JUNE 2017**

**TO BE NOTED BY THE COUNCIL**

That the Mayoral Committee and Council notes the Monthly and Quarterly Budget Statement and supporting documentation for April 2017.

***

**BKN044/06/2017**
**VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID VIR INFRA-STRUKTUURVERKRYGING EN AFLEWERINGSBESTUUR / SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY FOR INFRASTRUCTURE PROCUREMENT AND DELIVERY MANAGEMENT**
**9/1/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in en noem dat dit geen impak op die finansiële jaar het nie.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die voorsieningskanaalbestuursbeleid vir infrastruktuur- verkryging en afleweringsbestuur goedkeur vir implementering vanaf 1 Julie 2017 op nuwe projekte, naamlik Projekte wat nie op die goedgekeurde 2017/18 Kapitaalbegroting verskyn nie.

***

**BKN045/06/2017**
**AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD**
**9/1/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die rekeninge van die "Moravian Church of South Africa" met bedrae van R1 365,25 en R6 982.85 onderskeidelik teruggetrek word van die afskryf lys;
2. Dat alle skuld onder R8000 soos per aangehegde lys afgeskryf word;
3. Dat verdere ondersoek gedoen word rakende alle agterstallige rekeninge ten bedrag van R8000 en meer;
4. Dat die debiteure rekeninge wat nog nie oorhandig is nie en waarvoor daar geen betalings ontvang is in die laaste 3 jaar nie, afgeskryf moet word met ander woorde rekeninge waarvoor daar in die laaste 3 jaar 'n betaling ontvang is en/of aan prokureurs oorhandig is, sal bly op die lys; en
5. Dat alle rekeninge wat oorbly in 'n volledige verslag aan die Finansiële Dienste Komitee voorgelê word wat dit dan op 'n individuele basis sal hanteer op meriete.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN046/06/2017**
**SUBMISSION OF CLIENT SERVICES SURVEY REPORT**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei item in en gee 'n breë oorsig van die verslag en noem daar verskeie uitdagings is ten opsigte van die volledigheid van die verslag.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vordering van die verslag;
2. Dat 'n volledige verslag by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering voorgelê word; en
3. Dat die verslag nie kon afgehandel word nie as gevolg van die vertraging tussen die Provinsiale Tersourier en die Weskus Distriks Munisipaliteit.
4. Dat na die afhandeling van punt 3 van die besluit word die verslag aan die Raad versprei.

***BESTUURDER STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN047/06/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR: 26 APRIL 2017 EN 20 APRIL 2017**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Bodtoekenningkomiteevergaderings gehou op Woensdag 26 April 2017 en Donderdag 20 April 2017, soos voorgelê.

***

**BKN048/06/2017**
**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN049/06/2017**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN050/06/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN051/06/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:10*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***